**VISIE:**

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in ethical behaviour.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

## 2021: JAAR VAN VOORTGESETTE VRUGTEVOLLE VENNOOTSKAPPE!

# NOTULE VAN DIE EERSTE RAADSVERGADERING VAN DIE VYFDE BERGRIVIER MUNISIPALE RAAD, GEHOU OP DONDERDAG 11 NOVEMBER 2021 OM 14:00 IN DIE NG KERKSAAL, PIKETBERG

**TEENWOORDIG:**

**RAADSLEDE**

| | |
|---|---|
| Speaker (Rdh. R Swarts) | [DA] |
| Uitvoerende Burgemeester (Rdh. RM van Rooy) | [DA] |
| Uitvoerende Onderburgemeester (Rdh. MA Wessels) | [DA] |
| Burgemeesterskomiteelid (Rdh. A de Vries) | [DA] |
| Burgemeesterskomiteelid (Rdl. J Daniels) | [DA] |
| Portefeulje Voorsitter Artikel 79-Komitee (Rdl. A du Plooy) | [DA] |
| Rdl. A Small (Me.) | [DA] |
| Rdl. JJ Moolman | [DA] |
| Rdl. SS Lesch (Me.) | [ANC] |
| Rdl. BU Maarman (Me.) | [ANC] |
| Rdl. IS Adams | [ANC] |
| Rdl. EB Manuel | [GOOD] |
| Rdl. RL Laubscher | [PA] |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | - | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. JWA Kotzee | - | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. N Rossouw | - | Direkteur Tegniese Dienste (waarnemend) |
| Mnr. F Lötter | - | Direkteur Finansiële Dienste |
| Me. JS Erasmus | - | Interne Ouditeur |
| Mnr. SM Lesch | - | Bestuurder: Administrasie (waarnemend) |
| Mev. A van Sittert | - | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mev. N Bothma | - | Bestuurder: Uitgawes en Voorsieningskanaal |
| Mnr. M Crous | - | Bestuurder: Inkomste |
| Mnr. J Breunissen | - | Bestuurder: Siviele Ingenieursdienste |
| Mnr. A Willemse | - | Assistent: Projekbestuur |
| Mnr. AW Rheeder | - | Bestuurder: Menslike Hulpbronbestuur |
| Mnr. D Carolissen | - | Bestuurder: Gemeenskapsfasiliteite |
| Mnr. W Wagener | - | Bestuurder: Beplanning en Omgewingsbestuur |
| Mnr. C Cornelissen | - | Hoof: Verkeersdienste |
| Mev. JM Rosenberg | - | Hoof: Komitee en Sekretariële Dienste (waarnemend) |

**AKSIE**

**RVN001/11/2021**
**<u>OPENING EN VERWELKOMING</u>**

Ds. Martin Goosen van die NG Kerk, Piketberg, open die vergadering met skriflesing en gebed.

Adv. H Linde tree op as Voorsitter, in haar hoedanigheid as Munisipale Bestuurder, ingevolge artikels 29(2) en 36(3) van die Plaaslike Regering: Munisipale Strukture Wet 1998 (Wet 117 van 1998) soos gewysig totdat die verkiesing van die Speaker afgehandel is.

'n Spesiale woord van verwelkoming word deur die Munisipale Bestuurder gerig aan die nuutverkose Raadslede, eregaste, kollegas, media, lede van die publiek en almal wat die inhuldiging deur middel van elektroniese platforms bywoon.

***

**RVN002/11/2021**
**<u>KONSTITUERING VAN VERGADERING (BERGRIVIER MUNISIPALITEIT)</u>**
**3/4/2**

Die Munisipale Bestuurder bevestig dat alle raadslede teenwoordig deur die Onafhanklike Verkiesingskommissie as verkose verklaar is.

Die Munisipale Bestuurder verklaar die vergadering behoorlik gekonstitueer.

## <u>BESLUIT</u>

1. Dat kennis geneem word van die bepalings van die Instellings-kennisgewing van Bergrivier Munisipaliteit; en
2. Dat kennis geneem word dat die volgende raadslede as voltydse raadslede aangewys mag word ingevolge Artikel 9 van die Instellingskennisgewing:

   a. Die Uitvoerende Burgemeester;
   b. Die lede van die Burgemeesterskomitee; en
   c. Die Speaker.

***MUNISIPALE BESTUURDER***

***

**RVN003/11/2021**
**<u>AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID</u>**
**3/3/1/4**

Alle nuutverkose raadslede is teenwoordig.

***

**RVN004/11/2021**
**UITSLAG VAN DIE ONAFHANKLIKE VERKIESINGSKOMMISSIE**
**3/1**

Die Munisipale Bestuurder gee kortliks 'n oorsig van die uitslae van die Plaaslike Regering Verkiesing 2021, soos ontvang vanaf die Onafhanklike Verkiesingskommissie en gepubliseer in die Staatskoerant.
***

**RVN005/11/2021**
**AFLEGGING VAN EED OF PLEGTIGE VERKLARING DEUR LEDE VAN DIE VYFDE BERGRIVIER MUNISIPALE RAAD**
**3/4/2**

Die Munisipale Bestuurder versoek elke raadslid om mondelings die eed van getrouheid af te lê en te onderteken.

Al dertien (13) raadslede lê die eed af en word ingesweer as raadslede van Bergrivier Munisipaliteit.
***

**RVN006/11/2021**
**INSTELLINGSKENNISGEWING: VOORSIENING VIR VOLTYDSE RAADSLEDE**
**3/2/1/2**

Kragtens Artikel 9, soos gewysig, van die Instellingskennisgewing, is die onderstaande raadslede aangewys.

**BESLUIT**

Dat die Raad kennis neem van die voltydse status van die onderstaande poste, te wete.

- Die Uitvoerende Burgemeester;
- Lede van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee (Onderburgemeester en twee lede); en
- Speaker.

***

***MUNISIPALE BESTUURDER***

**RVN007/11/2021**
**VERKIESING VAN SPEAKER EN OORHANDIGING VAN VOORSITTERSTOEL AAN SPEAKER**
**3/2/1/2**

Die prosedure wat geld vir die verkiesing van Speaker word deur die Munisipale Bestuurder toegelig, met verwysing na Bylae 3 van die Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Strukture, 1998 (Wet 117 van 1998), soos gewysig.

Raadsheer R Swarts van die DA kry 'n onbestrede nominasie. Die Munisipale Bestuurder kondig aan dat Raadsheer R Swarts die Speaker is van die Raad van Bergrivier Munisipaliteit.

Voorts stel die Munisipale Bestuurder die Speaker voor aan die vergadering, waarna hy die Voorsitterstoel inneem as die Speaker.

Die Speaker lewer 'n kort toespraak en bedank die Raad vir hul vertroue in hom.

***

**RVN008/11/2021**
**VERKIESING VAN UITVOERENDE BURGEMEESTER**
**3/2/1/2**

Die Speaker vra nominasies vir die amp van Uitvoerende Burgemeester.

Raadsheer RM van Rooy kry 'n onbestrede nominasie en word deur die Speaker aangekondig as Uitvoerende Burgemeester van Bergrivier Munisipaliteit.

***

**RVN009/11/2021**
**TOESPRAAK DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER**
**11/1/1**

Die Uitvoerende Burgemeester lewer 'n inhuldigingstoespraak en meld onder andere:

- Dat dienslewering in Bergrivier Munisipaliteit eerste prioriteit van die Raad sal wees en dat inwoners met eerbaarheid gedien sal word;
- Dat goeie samewerking/ terugvoering aan die publiek gelewer word;
- Dat voorsiening van werksgeleenthede hoog aangeskryf /ondersteun word;
- Dat gepoog sal word om as die beste Munisipaliteit bekroon te word;
- Dat gepoog sal word om meer ondersteuning aan plaaslike inisiatiewe/NGO organisasies te verleen; en
- Dat samewerking van almal bepleit word om Bergrivier die beste Munisipaliteit te maak.

Die Uitvoerende Burgemeester bedank almal vir hul steun en opwagting en

belowe weereens die beste dienslewering aan die publiek vir die volgende vyf jaar.

***

**RVN010/11/2021**
**VERKIESING VAN UITVOERENDE ONDERBURGEMEESTER**
**3/2/1/2**

Die Speaker vra nominasies vir die amp van Uitvoerende Onderburgemeester.

Raadsheer MA Wessels kry 'n onbestrede nominasie en word deur die Speaker aangekondig as die Uitvoerende Onderburgemeester van Bergrivier Munisipaliteit.

***

**RVN011/11/2021**
**AANWYSING VAN BURGEMEESTERSKOMITEE**
**3/2/1/2**

Die Uitvoerende Burgemeester wys die onderstaande Raadslede aan as lede van die Burgemeesterskomitee:

- Raadsheer A de Vries; en
- Raadslid J Daniels.

***

**RVN012/11/2021**
**VERKIESING VAN VERTEENWOORDIGERS OP WESKUS DISTRIKSMUNISIPALITEIT**
**3/2/2**

Die Munisipale Bestuurder bevestig dat sy in haar hoedanigheid as MEO (Municipal Electoral Officer) hierdie aangeleentheid hanteer, bygestaan deur mnr. Ellsforth Booys van die Onafhanklike Verkiesingskommissie.

Mnr. E Booys verduidelik die proses met inbegrip van die kwotastelsel.

Mnr. E Booys vra vir nominasies en verklaar verder dat geen koukus toegelaat sal word wanneer die proses van nominasies 'n aanvang geneem het nie.

Na ontvangs van die nominasies, verklaar mnr. E Booys die nominasieproses as gesluit en bevestig die nominasies wat ontvang is, naamlik:

- DA-lys en ANC-lys; en
- bevestig hy verder dat die genomineerde kandidate hul nominasies dienooreenkomstig aanvaar het.

Die Munisipale Bestuurder bevestig aan almal teenwoordig dat die stembus leeg is, waarna elke raadslid deur mev. L Majerrie van die Onafhanklike Verkiesingskommissie van 'n stembrief voorsien word. Die stem word in geheim deur die raadslede uitgebring en word die stembriewe in die stembus geplaas.

Mnr. E Booys vra dat een verteenwoordiger elk van die DA en ANC as waarnemers aangewys word, waarna raadslid J Daniels (DA) en raadslid I Adams (ANC) aangewys word. Hy versoek verder die Munisipale Bestuurder om die stembus oop te maak, te tel en die waarnemers om met die tel van die stemme teenwoordig te wees. Die Munisipale Verkiesingsbeampte, met instemming van die Onafhanklike Verkiesingsbeampte (OVK), het konsensus aangaande die uitslag, naamlik dat:

- DA-lys = 8 (agt);
- ANC-lys = 4 (vier); en
- 1 bedorwe stem.

Gebaseer op die toepassing van die kwota, synde DA: 8 ÷ 7 = 1.1428 en ANC: 4÷7= 0.5714 (met weglating van die fraksies) word die volgende resultaat gelewer:

- DA = 1 setel; en
- ANC = 1 setel

**BESLUIT**

Dat die verteenwoordigers op die Weskus Distriksmunisipaliteit soos volg is:

- DA = Raadslid Audrey Small (Me); en
- ANC = Raadslid Immanuel Adams.

***MUNISIPALE BESTUURDER***

***

**RVN013/11/2021**

**OORHANDIGING VAN SERTIFIKATE VAN WAARDERING AAN DIE SUID-AFRIKAANSE POLISIEDIENS EN ONAFHANKLIKE VERKIESINGSKOMMISSIE**

Die Speaker bedank die Suid-Afrikaanse Polisiediens asook die Onafhanklike Verkiesingskommissie vir uitmuntende diens gelewer tydens die verkiesing, waarop die Burgemeesterskomiteelede sertifikate van waardering aan die onderskeie verteenwoordigers oorhandig.

***

***Die Speaker kommunikeer kortliks operasionele reëlings van toepassing na afloop van die vergadering, hy bedank almal vir hul samewerking en bedank ook die publiek vir hul teenwoordigheid namens die nuutverkose Raad. Die Raad besluit dat alle ander items oorstaan tot by die voortsetting van die Inhuldigingsvergadering op Dinsdag 16 November 2021 om 14:00 in die Raadsaal, Munisipale Kantore, Piketberg.***

## *DIE VERGADERING VERDAAG OM 16:20*

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

____________________ __________________

***VOORSITTER (SPEAKER)*** ***DATUM***

***